Laerskool Lynnwood

Roderickweg, Lynnwood
Posbus 74929, Lynnwoodrif 0040
Tel: 012 348 8894/1306
E-pos: admin@lynnwoodlaer.co.za
www.lynnwoodlaer.co.za

FINANSIëLE INLIGTING VIR 2023

11 November 2022

Beste Lynnie Ouers

Hiermee 'n skrywe met inligting rakende skoolfonds, rekeningstate en betalingsmetodes.

1. Inleiding

1.1 Laerskool Lynnwood se Algemene Ouervergadering het op 8 November 2022 die skool se begroting en skoolfonds vir 2023 goedgekeur. Skoolfonds is vooruitbetaalbaar. 'n Bevestigingsfooi van R1500.00 per kind (Graad RRR tot 7) is betaalbaar **voor einde Desember 2022**.

1.2 Bevestigingsfooi word van **totale** skoolgeld afgetrek en balans word in 11 paaiemente (Januarie tot November) verdeel.

2. Skoolfonds vir 2023

Die volgende skoolfonds is met ingang van 1 Januarie 2023 betaalbaar:

1. Skoolfonds

2023 Skoolfonds	Graad 1 – 7	Graad R, RR en RRR
TOTAAL per jaar	**R25 810**	**R31 750**
Bevestigingsfooi	R1 500 (betaalbaar voor of op 31 Desember 2022)	R1 500 (betaalbaar voor of op 31 Desember 2022)
Bedrag sonder bevestigingsfooi	R24 310 Betaalbaar: **11 x R2 210**	R30 250 Betaalbaar: **11 x R2 750**

2. Naskoolgeld

2023 Naskoolgelde	Enkelkind	Twee kinders	Drie kinders
Betaalbaar maandeliks (ongeag aantal dae bywoning)	**11 x R1 460 = R16 060**	**11 x R2 610 = R28 710**	**11 x R3 879 = R42 669**
Dagbesoeker (middagete en versnappering ingesluit)	**R120**		

3. Betalingsmetodes:

4.1 EFT
4.2 Debietorder
4.3 Stick-it (via d6 Connect Toepassing)

3.1 EFT Betaling

Geen kontant of tjeks word aanvaar nie, aangesien dit ‘n sekuriteits- en kontrolerisiko inhou. Met die elektroniese inbetaling, gebruik asseblief u familiekode (bo links op rekeningstaat) met u van as verwysing, byvoorbeeld 0123 – JACOBS.

Laerskool Lynnwood se bankbesonderhede:
Absa Tjekrekening
Rekeningnaam: Laerskool Lynnwood
Rekeningnommer: 0540510075
Takkode: 632005

3.2 Debietorder betaling vir 2023

Die verwerking van debietorders word deur ‘n maatskappy genaamd Stratcol uitgevoer. Stratcol word deur PASA (Payment Association of South Africa) gereguleer,wat deur die Reserwebank van Suid-Afrika ingevolge die “National Payment Act of 1998” erken word. Alle konfidensiële kliënte-inligting word op ‘n veilige dataplatform deur Stratcol gestoor en die toegang word baie streng beheer. U persoonlike inligting is dus veilig.

Vir alle nuwe en bestaande debietorderbetalings voltooi asseblief hierdie verpligte e-vorms:
debietorderbetalings voltooi asseblief hierdie verpligte e-vorms:
DEBIET ORDER VORM VIR 2023

DEBT ORDER FORM
(Let wel: hierdie vorm moet asseblief uitgedruk, ingevul en per hand geteken word.
E-pos vorm dan terug na finansies@lynnwoodlaer.co.za voor of op 30 November 2022)

3.3 Stick-it: (via d6 Connect toepassing)

Hierdie is ‘n nuwe betalings opsie. Dit word sterk aanbeveel vir die volgende redes:-

a) U kan self die allokasie van die betaling doen.
b) ‘n Intydse kwitansie wys dadelik op jou skoolrekening.
c) Ouers wat aparte betalings moet doen kan dit beter bestuur.

Volg gerus hierdie skakel vir inligting rondom die d6-Cashless Stick-it metode:

d6 Connect – Cashless payments via Stick-it.

Hierdie toepassing is ook op u rekenaar beskikbaar.

4. Algemene inligting

- Rekeningstate word maandeliks rondom die 26ste aan die rekenpligtige, elektronies gestuur. Indien u nie ‘n rekeningstaat ontvang nie, maak asseblief seker dat ons u korrekte e-pos adres het, of dat daar nie ‘n sekuriteitsblok by u werkgewer/s is nie.

- Alle skoolaktiwiteite word op u rekening gehef.

  - Skoolgeld: Januarie tot November
    Bevestigingsfooi: Desember

  - Naskoolfooie: Januarie – November

  - Kleutermatrasfooi: Sodra lyste gefinaliseer is – gewoonlik Februarie.

  - Krieket: Februarie – November (volgens lyste vanaf afrigters)
    Berekening van krieketfooie: Fooie word vir aantal “les”weke per jaar bereken en dan in 10 maande verdeel.
    Belangrik: Een kalendermaand, betaalde **skriftelike** kansellasie is verpligtend.
    E-pos aan finansies@lynnwoodlaer.co.za en ethan@lynnwoodlaer.co.za. Verbeurde lesse sal ongelukkig nie ingehaal word nie, tensy dit as gevolg van toerreëlings, vergaderings of amptelike pligte van afrigters is.

  - Kunste Akademie: Februarie – November (volgens lyste vanaf die dosente)
    Belangrik: Een kalendermaand, betaalde **skriftelike** kansellasie is verpligtend.
    E-pos aan finansies@lynnwoodlaer.co.za

  - Ander aktiwiteite bv. Veldskool, Toere, Pappadag, Konsertkaartjies – word gehef wanneer die aktiwiteite plaasvind.

- Skool en ander fooie is betaalbaar voor of op die 7de van elke maand.

  Daar word streng opgetree teen ouers wie nie tydig kostes vir naskool en buitemuurse aktiwiteite betaal nie. Indien u ‘n probleem ondervind, kom tref asseblief vroegtydig ‘n reëling met die finansiële personeel om te verhoed dat invorderingstappe teen u geneem word.

  Onbetaalde en uitstaande buitemuurse aktiwiteite moet na een maand gestaak word.

  Ouers met finansiële druk, kan ter enige tyd gedurende die jaar om vrystelling/gedeeltelike vrystelling aansoek doen. Die skool is wetlik verplig om aan alle ouers wat kwalifiseer, vrystelling toe te staan indien alle vereiste dokumentasie volledig ingedien word. Vrystelling van skoolgelde word bereken op ‘n glyskaal soos deur die Gautengse Departement van Onderwys voorgeskryf. Aansoekvorms kan by die hoofhek of mevrou Henna Wagener verkry word.

U is enige tyd welkom om die finansiële kantoor te kontak by finansies@lynnwoodlaer.co.za

Lynnie groete

Armond Boshoff
VOORSITTER: BEHEERLIGGAAM

Steve Stolk
UITVOERENDE HOOF

aangepas 11/11/2022